NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368,
Pretoria 0001;
Swaanstraat 129,
East Lynne,
Pretoria 0186;
www.nhka.org

13 November 2025

VAN: Die Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum

AAN: Lede van Sanlam Sambreelfonds

**OMSENDSKRYWE NR 32/2025**

Geagte broers en susters,

## PREMIE – BEGRAFNISPOLIS

Volgens predikante se beroepsbrief is hulle verplig om aan die begrafnisdekking deel te neem. Die jaarlikse hersiening van die **begrafnisvoordeelskema** vir die Nederduitsch Hervormde Kerk is voltooi. Momentum wil u bedank vir u volgehoue deelname en ondersteuning.

### Belangrike punte vanuit die hersiening word soos volg met u gedeel:

* **Premie:** Bly onveranderd op **R82.72 per lid per maand** vanaf **1 Maart 2026**.

* **Dekking eindig** op ouderdom **65 jaar**.

* **Opbetaalde voordele:** Bly van toepassing by dood, gestremdheid en aftrede van lid. **Neem asseblief kennis** dat u binne drie maande na emeritaat of aftrede die volopbetaalde voordeel moet neem. U kan vir mev Susan Moore in dié verband kontak by mannekrag@nhk.co.za.

### Opsomming van voordele en koste

| VOORDEEL | BEDRAG |
|---|---|
| Lid, eggenoot en kind (14 jaar en ouer).<br>’n Kind ouer as 14 word geag as ongetroude persoon onder die ouderdom van 21 jaar. | R20,000 |
| Kind (6 tot 13 jaar).<br>’n Wettige aangenome kind word ingesluit by die voordele. | R10,000 |
| Kind (1 tot 5 jaar)<br>’n Wettige aangenome kind word ingesluit by die voordele | R5,000 |
| Stilgebore tot 11 maande | R2,500 |
| Addisionele toevallige dood | R12,000 |
| **Maandelikse premie per lid** | **R82.72** |

### Belangrike administratiewe vereistes

* **Aanwysing van begunstigde:** Alle lede moet ’n begunstigde-aanwysingsvorm voltooi om vertragings ten opsigte van uitbetalings te voorkom. Die vorm is beskikbaar op Momentum se webwerf. Die vorm is ook vir u gerief by hierdie skrywe aangeheg wat asseblief aan mev Moore by mannekrag@nhk.co.za gestuur kan word om op u lêer te liasseer.

* **Liddata:** Liddata word maandeliks aan Momentum voorsien en enige beduidende veranderinge van lidmaatskap word deur die Sinodale Dienssentrum gerapporteer.

## Bykomende voordele

Alle lede het toegang tot Momentum se **werknemerhulpprogram** en **Hello Doctor**-diens, sonder ekstra koste. Hierdie dienste bied ondersteuning vir gesondheid, finansiële en emosionele welstand.

Vir enige navrae of verdere besonderhede, kontak asseblief:

André Rehbock (Momentum konsultant):

**Selfoonnommer:** 072 087 6427
**E-posadres:** Andre.Rehbock@momentum.co.za.

Indien u enige vrae of bekommernisse het, kan u my gerus kontak.

Vriendelike groete



**Mnr JJP Hattingh (MBA)**
***Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum***

012 322 8885 x3008
johan@nhk.co.za